*PAS ONTVANG —*
**WIT HEMDE MET TWEE LOS BOORDJIES**
21/6 elk.
*Baie beperkte voorraad.*
•
**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PRO ECCLESIA-GEBOU

# DIE Matie

**BESTE DIENS**
vir
**FIETSE, RADIO'S ENS.**
is nog verkrygbaar
by
**H. VILJOEN**
**PLEINSTRAAT**

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY LIBRARY

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., en uitgegee deur die A.N.S.-Tak, Stellenbosch.

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK

DEEL V, No. 17. VRYDAG, 24 AUGUSTUS 1945. Prys 1d.

## BYBELKANTATE

### Hulde aan Stephen Eyssen

Met welslae is die Bybelkantate van Stephen Eyssen verlede Saterdagaand op Stellenbosch deur die Universiteitskoor en Kerkkoor uitgevoer onder leiding van Prof. G. Cillié.

Hierdie eerste groot werk van sy soort in Afrikaans is deur Stephen Eyssen gekomponeer terwyl hy in die interneringskamp was. Die komponis verdien al die eer vir die sukses van hierdie poging.

Tot dusver was daar uitsluitlik net kritiek oor die eerste twee uitvoerings. Dit is jammer dat altyd gretiglik gesoek word na swakplekke in die pogings van ons Afrikaanse kunstenaars terwyl die kritici nie ook bereid is om op die glanspunte te wys nie. Ons wil die hoop uitspreek dat hierdie eerste werk van sy soort as 'n prikkel mag dien vir verdere pogings deur ons kunstenaars.

Die dank en waardering van elke student kom toe aan prof. Cillié en die koor wat soveel ure bestee het aan voorbereidingswerk vir die uitvoering asook aan die soliste wat 'n reuse aandeel in die sukses van die uitvoering gehad het.

## STELLENBOSCH EN DIE B-SENDER!!!

Vanaand is dit weer as 't ware 'n Matie- en Stellenbosch-aand! Vanaand sal elke Matie, Stellenboscher en oud-Matie weereens lekker voel, want om 9 n.m. (vanaand) word daar oorgeskakel na die Stellenboschse ateljee waar daar studentepret, studenteliedjies en studenteskerts onder leiding van Pierre Fourie uitgesaai sal word — so reg na 'n Matie se smaak! Hierdie program word om 9.35 n.m. opgevolg deur 'n program van ernstige musiek en sang deur verskillende vooraanstaande kunstenaars van Stellenbosch. Hierdie aanloklike program is gereël deur die Kaapstadse omroep. Maties! luister gerus in!!

*Mnr. Awie Viljoen* se aanstelling as Taksleier in die plek van mnr. Hennie Marais is Dinsdagaand deur die A.N.S.-vergadering bekragtig. Van harte geluk Awie!

# DS. J. D. VORSTER OOR PAD WAT VOORLÊ

## Ons Moet Volksbou Be-oefen

**Ds. J. D. Vorster het Dinsdagaand voor 'n A.N.S.-vergadering gesê dat ons as volk t.o.v. die pad wat voorlê ons by die kernprobleem moet bepaal en n.l. eerste op ons program van aksie Volksbou moet plaas. Ons huise moet opgebou word, karakteradel moet verkry word en ons Christelike Nasionale lewensbeskouing weer op die voorgrond geplaas word. Voorts moet ons volkstrou, volksliefde en volksmedelye kweek en 'n heldere vryheidsideaal koester waarvoor ons fanaties moet veg — nie ondermekaar nie, maar teen ons gemeenskaplike vyande.**

Spreker het gesê dat daar vandag verdeeldheid onder ons geledere is omdat ons geen positiewe taak voor ons het nie. Die toestand vir die Afrikaner het duister geraak omdat die wêreld veranderinge ondergaan het — veranderinge waaroor ons jammer voel. In hierdie duisternis het ons teen mekaar vasgeloop. Die sinloosheid van hierdie tweedrag word reeds ingesien en die vraag is, waar ons nou voor 'n groot stryd staan, wat ons in verband daarmee gaan doen. Daar is vir ons nie uitdraaipaaie nie. Ons kan slegs die een koers gaan en dit is om ons by die kernprobleem van alles te bepaal.

Ons moet in aksie kom om ons volk weer op te bou, het hy gesê. Volksbou is die eerste en vernaamste taak wat ons moet aanpak en al ons handel moet daarop toegespits wees. Ons moet die volk bou in die historiese rigting wat ons voorouers baie duidelik aangewys het.

In hierdie verband het spreker veral op die huwelik gewys wat vandag almeer uit 'n liberale individualistiese oogpunt beskou word. Daar is nie die moontlikheid te bou deur immigrasie nie. Ons huise moet opgebou word, daar moet groot en gesonde gesinne wees. Spreker het Maarskalk Pétain se woorde aangehaal: „Frankryk het ondergegaan by gebrek aan huise." Ons moet waak teen invloede wat ons huise klein hou en die huisgesin verbrokkel.

Gepaard met die opbou van die huisgesin gaan die opbou van ware karakter-adel. Dit is verontrusbarend dat daar by ons Afrikaners 'n koue kommersiële gees in menige geval opgemerk word. Geld vorm ook dikwels by ons die grondslag van alles. Ons moet karakterbou beoefen in ons arbeid en op alle gebiede van die lewe. Elke volksindiwidu moet hom daarop toespits om ook die volkskarakter te versterk.

Voorts moet ons die geërfde lewensbeskouing — die Calvinistiese of Christelik-Nasionale beskouing— waarop ons trots kan wees, weer helder voor oë hou en dit propageer en indra onder ons volksgeledere. Dit is hierdie lewensbeskouing wat 'n volk onderling saambind en vir 'n volk ontsaglik veel beteken, veral in krisistye, wanneer elke lid van die volk dan eenders sal voel en sal

(Vervolg van bl. 4, kol 4)

## Piet van Niekerk

### TOT SY NAGEDAGTENIS

Met 'n diepe leed het die Studente-unie van Stellenbosch verneem van die dood van iemand wat so na aan ons gestaan het. Piet van Niekerk, ons vriend deur die afgelope paar jaar, het ons verlaat. By die aanhoor van hierdie treurige nuus is die Studente-unie in 'n diepe rou gelaat. Hy was 'n deel van ons op Stellenbosch en die lewe van baie vriende was nou verbonde aan die voorbeeldige lewe van Piet.

As studenteleier het hy sy toegewyde diens onbaatsugtig aan die Studente-unie gewy. Pligsgetrou en hulpvaardig, was sy lewe diens aan sy medemens, sy God en sy volk.

Die persone en verenigings wat die voorreg gehad het om van sy dienste en vriendskap te geniet het in hom 'n steunpilaar gehad.

Ons innigste simpatie aan sy ouers, aan Noëlle en sy familie. U verlies is ons almal se verlies, maar sy lewe sal vir ons 'n inspirasie bly.

## UNIVERSITEITSNUUS

Na ons verneem is aan die volgende dosente van die universiteit deur die Raad verlof van afwesigheid toegestaan:—

Prof. P. J. Schoeman, gewone verlof vanaf 1 Julie tot 30 September 1945.

Prof. O. Wagner, siekteverlof vanaf 1. Julie tot 30 September 1945.

Prof. A. C. Cilliers, gewone verlof vanaf 1 Julie tot 31 Desember 1945.

Prof. H. B. Thom, gewone verlof vanaf 1 Julie tot 31 Desember 1945.

Prof. A. C. Bouman, gewone verlof vir die jaar 1946 mits daar ander voorsiening vir die waarneming van sy klasse gemaak kan word.

Mej. J. M. Burch, gewone verlof vanaf 1 Januarie 1946 tot 30 Junie 1946, onder dieselfde voorwaarde as Prof. Bouman.

### VERANDERINGE IN LEKTORATE

Dr. J. P. J. van Rensburg, lektor in klassieke tale, word vanaf 1 Jan. 1946 senior lektor.

* * *

Mnr. J. L. Sadie, M.Comm., junior lektor in Ekonomie, word vanaf 1 Januarie 1946 lektor.

* * *

Mev. J. A. van der Merwe vervang mev. L. M. Toerien as lektrise in Engels in die Fakulteit van Opvoedkunde vanaf 1 Julie tot 31 Desember 1945.

* * *

Vanaf 1 Januarie 1946 word die tydelike junior lektoraat in Sielkunde 'n lektoraat, asook die junior lektoraat in Plantkunde.

* * *

In 1946 word weer studente toegelaat tot die kursus Bosbou I. In die reël word studente slegs om die ander jaar tot hierdie kursusse toegelaat.

## Sonop

Verlede Vrydagaand het Sonop se jaarlikse huisdans plaasgevind in die Banketsaal. 'n Aangename atmosfeer het gedurende die aand geheers, en die walsende pare het getuig van 'n bekwame organisasie.

As eregaste was dr. J. C. Yeats en gade, sowel as dr. en mev. C. A. du Toit teenwoordig.

*Besoek DIE UITSPAN*
**Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop**
*DIE UITSPAN is 'n besoek werd!*

DIE

# ATOOM

het die hele wêreld verstom.

**WAT WEET U VAN DIE ATOOM?**

*KOM KYK NA ONS BOEKE I.V.M. DIE WETENSKAP.*

*Voorraad uiters beperk.*

**Pickard:**

Time Number and the Atom 11/-

**Dingle:**

Sub-Atomic Physics .. .. 6/9

**Eddington:**

New Pathways in Science .. 9/6

The Philosophy of Physical Science .. .. .. .. .. .. .. 13/-

The Nature of the Physical World .. .. .. .. .. .. .. 11/-

**Sir James Jeans**

The New Background of Science .. .. .. .. .. .. .. 11/-

Through Space and Time .. 13/-

●

**OOK BEPERKTE VOORRADE VAN**

Skuif-lineale — 10/- en £1-7-6 elk.

Ingenieurslineale — 8/- elk.

Sjablone — 2/- elk.

'n Besending teken-instrumente vir ingenieurs word eersdaags verwag.

●

**DIE C.S.V.-BOEKHANDEL**

Pleinstraat, Stellenbosch

**Die Plaza**

Foon 0013

●

IN SOCIETY

BUD ABBOTT

LOU COSTELLO

VRYDAG en SATERDAG

24 en 25 Aug.

Matinee Saterdag

**WEET U?**

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**



**DIE MATIE**

Alle Korrespondensie aan:

DIE REDAKSIE,

„DIE MATIE,"

Posbus 197,

STELLENBOSCH.

Deel V. 24 Augustus 1945. No. 17.


# DIE STUDENT EN DIE TOEKOMS

Die tweede wêreldoorlog is skynbaar verby. Hoe lank die groot moondhede gaan asemskep weet niemand nie, maar die wapenstilstand sal seker nie langer as 'n kort pouse wees nie. Geestelike en materiële mobilisasie begin skynbaar nou eers in alle erns.

Wat staan ons in Suid-Afrika in hierdie tyd voor die deur, en waar pas die student op die nuwe prentjie in?

Dit is duidelik dat ons 'n geweldige geestelike stryd tegemoet gaan. In hierdie stryd sal moet beslis word of ons die nasionale gees soos beliggaam in die tradisie van die Afrikanervolk wat in die ontplooiing van die nasionale geskiedenis sy beslag gekry het, gaan behou, en of ons gaan verswelg word deur 'n internasionale liberalisme. 'n Nuwe tipe van wêreldbroederskap waar kleur en geur geen rol speel nie, waar godsdiens en kultuur gekomersialiseer word, en waar die volksgeskiedenis alleen vir akademiese doeleindes deur hoogleraars geken sal word.

Die mens se gees neig om te wees soos sy uiterlik in die groot stad waar die roestige indiwidu met 'n bleek gesig en rooi oë in 'n maatskaplike geharwar verswelg word, en hierdie gevaar bedreig ons as studente.

Die Studentedom wat die vermaaklikheid van die skemerlig van die bioskoop verkies bo die vermaaklikheid waar sy intellek verskerp en sy karakter gebou word, is besig om die stryd vir die Afrikanervolk te verloor.

Alleen 'n besef dat elke man hom op die beste wyse vir sy eie beroep moet voorberei, die strominge in sy eie volkslewe moet ken, 'n vertroude insig in sy eie nasionale verlede moet hê en 'n duidelike besef dat sy eie lewe ook in diens staan van sy volk en dat hy moet leef in die breë raamwerk van die nasionale stryd, kan die toekoms wen.

(Vervolg van kol. 4)

En Frankryk en Italië? Eersgenoemde se stem word nie meer op die Europese konferensies (Teheran, Yalta, Potsdam) gehoor nie; wanneer het so iets al ooit in die Franse geskiedenis gebeur? En laasgenoemde het geword wat hy in die middeleeue was: die land van geheime verenigings waar Italiane mekaar uitroei. Voorwaar, Churchill, en ook veldm. Smuts het rede om besorgd en verontrus te wees. Die pad van Moskou na die Weste is oop!

*Teken In op Die Wapenskou*

# DIE OORLOG GEWEN, MAAR DIE VREDE . . . . ?

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Sedert ons laaste artikel het die vredesklokke gelui, die kanonne geswyg en die allerverskriklikste Tweede Wêreldoorlog wat op 'n paar weke na byna ses jaar lank vernietigend en verwoestend die mensdom geteister het, sy einde gevind. Die laaste fase van die oorlog staan in verband met die Amerikaanse aanwending van 'n nuwe wapen, die atoombom, die Russiese oorlogsverklaring teen Japan en die Japanse oorgawe. Hierdie laaste oorlogsbedrywe is blits-snel binne enkele weke afgespeel.

*Deur Prof. J. A. Wiid*

### DIE ATOOMBOM

Oor die atoombom, die allervreesliksté nuwe wapen, is gedurende die afgelope paar weke reeds veel geskryf. Volgens Amerikaanse bronne sou hierdie nuwe wapen oorlogsbeslissend wees en dit word van Japanse kant bevestig. Voorts word in Amerikaanse kringe ook die hoop uitgespreek dat die nuwe wapen deur sy verskriklikheid nie alleen oorlogsbeslissend nie, maar ook die toekomstige ewige wêreldvrede vir alle tye sal handhaaf en waarborg. Hierdie wêreldvrede sal dan wees 'n **pax Americana**, want die atoombom, die waarborg van hierdie wêreldvrede, is 'n Amerikaanse geheim waarvan **alleen die beginsel** aan die Britse bondgenoot bekend gemaak is en glo **minder as die beginsel** aan die Russiese bondgenoot.

By hierdie geleentheid wil ek net die gedagte uitspreek dat die **beginsel van die atoombom** reeds lang geen geheim was nie, maar wel sy aanwending en toepassing, en dat Amerika dus waarskynlik net so min aan sy Britse bondgenoot as aan sy Russiese bondgenoot die geheim van die nuwe wapen geopenbaar het. Voorts het die geskiedenis in oorvloed bewyse gelewer dat geen **geheime wapen** vir 'n lang tyd 'n **geheim** kan bly nie. Dit sal waarskynlik ook die geval wees met die atoombom waarvan die vernaamste grondstof, uranium, o.a. ook in Rusland te vinde is.

Op die oomblik staan dit vas dat Amerika die eerste was om die vervaardiging van die atoombom te voltooi en dit prakties teen 'n vyandelike stad aan te wend. Die reaksies in Londen en Washington sou interessant gewees het as hierdie nuwe wapen deur die vyand uitgevind en op 'n Britse of Amerikaanse stad aangewend is. Ons sal dan waarskynlik weer 'n geval gehad het waar twee vyande **presies dieselfde ding** doen wat tog **glad nie dieselfde ding** is nie.

### RUSLAND EN DIE VERRE OOSTE

Die Japanse kapitulasie staan sonder twyfel in regstreekse verband met die Russiese oorlogsverklaring en aanval in die Verre Ooste. Soos die Italiaanse aanval op Frankryk in 1940 en die Angel-Saksiese inval in Europa in 1944 het ook die Russe 'n vyand geslaan wat reeds erg gehawend was en seer seker nie meer 'n gevaar vir Moskou kon wees nie. Die Russiese aanval op Japan kan dan ook slegs in een sin beslissend wees en dit is die vestiging van Russiese hegemonie ook in die Verre Ooste soos reeds in Europa die geval is. Die Russiese faktor in die lande van die Verre Ooste is 'n faktor waarmee Washington en Londen wel deeglik rekening sal moet hou. Die Russiese kolos staan wydsbeen oor Europa en Asië. Dit is op die oomblik die uitstaande resultaat van die Tweede Wêreldoorlog.

### CHURCHILL RAAK BESORGD EN VERONTRUS

Russiese hegemonie in Asië en Europa is sonder twyfel 'n oorsaak van ernstige besorgdheid in Washington en Londen. Dit is die wanklank wat duidelik hoorbaar is onder die trompetgeskal en klokkegelui wat die oorwinning en die vrede aankondig. Vandaar dat die Angel-Saksiese propaganda insake die atoombom waarskynlik vir 'n groot gedeelte aan die adres van Moskou gerig is. Vandaar ook dat Churchill, net soos ons Premier reeds in 1943, met 'n **ontplofbare toespraak** voor die dag gekom het. Hierdie rede, al is dit maar die van die Britse opposisieleier, verdien die ernstige oorweging van almal wat in wêreldsake belangstel.

Volgens Churchill is dit nie onmoontlik nie dat 'n **„geweldige tragedie hom afspeel agter die ystergordyn wat Europa tans verdeel".** Hy het gepraat van **„die vrees waarin miljoene gesinne"** tans lewe. Oor die Pole oordeel hy: „daar is min deugde wat die Pole nie het nie en daar is min foute wat hulle nog nie begaan het nie". Miskien kon hy bygevoeg het dat al die foute saam wat die Pole begaan het, nie so groot is as die groot fout om die Britse waarborg van 1939 te aanvaar nie, 'n waarborg wat ook die Poolse aansprake op Duitse gebied ondersteun het.

Churchill het sonder twyfel rede om verontrus te wees oor sake in Europa. Vandaar dat hy sy hoop op die Verenigde State en hulle atoombom vestig. Maar ook hierdie hoop kan 'n gebroke riet wees, want, sê Churchill: „vir sover ons weet sal dit miskien drie of vier jaar duur voordat die groot vordering van die Verenigde State ingehaal kan word. In hierdie drie jaar moet ons ons betrekkinge met ander mense . . . op so'n manier omskep . . . dat vrede op aarde en geregtigheid onder mense" moontlik sal wees.

Die arme Europa en drie of vier jaar! Intussen is Duitsland, die enigste bolwerk teen die Russiese Kolos, vernietig. Churchill se koerante openbaar kiekies van hongerende Duitse kinders by die afvalbakke waarin Engelse soldate hulle oorskietkos werp!

Vervolg in kol. 2.

## PREEKBEURTE

**MOEDERKERK**

10.30 v.m.: Prof. D. Lategan.
7 n.m.: Dr. D. Snyman.

**NUWEKERK**

10.30 v.m.: Eerw. H. Higgo.
7 n.m.: Dr. G. B. A. Gerdener.

**Rook Springbok-Sigarette**

## Weet U.....

● Die departemente van fisiologie en soölogie van U.S. het jaarliks 400 konyne nodig vir die praktiese werk vir B.Sc.-studente! 'n Konyn kos U.S. sowat 3s. 6d. tot 4s. (Tydens die vleisskaarste het 'n groot vraag na konynvleis by hotels ontstaan — is glo 'n baie smaakvolle soort wildsvleis!!).

* * *

● Indien losies verkry kan word sal 'n opleidingsentrum vir poskantoorklerke op Stellenbosch ge-open word — 'n klaskamer is reeds in die omgewing van die algemene poskantoor vir die doel verkry.

* * *

● Nou dat die oorlog verby is, hoop die Uitsaaikorporasie om weer soos in die verlede gereeld uitsendings uit ons plaaslike ateljee te laat plaasvind!

## KORRESPONDENSIE

14 Aug. '45.

*Die Redaksie,*
*„Die Matie."*

*Graag wil ek langs hierdie weg namens P.S.O. en P.S.H., al die besighede wat ons so mild ondersteun het in die uitvoering van ons program verlede week, van harte bedank. Ons hartlikste dank verder aan die stadsraad vir hulle bydrae, asook aan die A.C.V.V. Ons stel u goedgunstigheid en ondersteuning baie hoog op prys.*

*Ons kan nie nalaat om die publiek en die studente ook baie dankie te sê vir hulle ondersteuning nie. Sonder u ondersteuning sou ons nie kon bereik wat ons bereik het nie. Hartlik dank!*

*Lank lewe P.S.O.!*

*Tot u diens,*

*J. C. van Graan.*

## Huis-de-Villiers

By geleentheid van hul jaarlikse huisdinee het die dames van Huis-de-Villiers 'n gesellige Weense atmosfeer geskep. By die ingang van die saal, wat in die vroegste lentedrag getooi was, het 'n oulike Weense bruggie die gaste verwelkom, en nog verder het vrolike kersliggies gewink en genooi, terwyl klassieke Weense musiek saggies praat waar woorde ontbreek. Mej. Hildegard Mereis het die heildronk op die gaste ingestel. Mnr Dawid van der Merwe het daarop geantwoord en met fonkelende wyn in die glasies het die gaste op „die Weenen van Stellenbosch" gedrink.

Dr. en mev. S. J. Pretorius en mej. E. C. de Vos het as eregaste opgetree. Na die dinee is almal òf na die toneelopvoering, „Die Verterende Vuur," òf na die bioskoopvertoning „Fanny by Gaslight". Weer tuis het elkeen hom verlustig in lekker koffie en smaaklike soutigheidjies. Mejj. Eugene Fraser en Jeanne Rossouw was verantwoordelik vir die puik organisasie, terwyl mej. Elma Gerdener haar meesterlik van haar taak, die verfraaiing van die saal, gekwyt het.

**G. E. HENDRIKSZ**
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

## Musiekvereniging

In ons kronologiese behandeling van die komponiste kom Mendelssohn en Lizst aan die beurt. Ons wil egter darem variasie in ons program van werksaamhede aanbring, en gaan dus van ons plaaslike musiekliefhebbers vra om vir ons programme van hulle eie keuse en besondere voorliefde te lewer.

Sondagaand tree mnr. Gideon Joubert op met 'n program van sy eie keuse. Hy het 'n voorliefde vir simfonie musiek en orkeswerke oor die algemeen, en die program sal dus in hierdie rigting gestuur word. Dit is natuurlik nié die gewenste ding om in só 'n verskeidenheidsprogram slegs dele van bewegings uit simfonieë te speel nie, maar daar is tog temas en bewegings wat feitlik 'n eenheid op sigself is en aldus bekend is aan almal. Ons nooi u uit na hierdie program.

Mnr. Jack Steyn sal eersdaags vir ons 'n program-lesing hou in hierdie reeks, en dit beloof om hoogs interessant te wees. Mnr. Victor Holloway is ook besig om 'n program van moderne musiek op te stel vir 'n dergelike program-lesing, en hy sal vir ons toelig wat werklik bedoel word met „swing", 'n term wat meeste van ons dadelik ongunstig daarteenoor stem, hoewel ons benadering daarvan nie heeltemal juis is nie.

## Harmonie

In 'n klassiek-geskiedkundige atmosfeer het die inwoners en gaste van Harmonie verlede Vrydagaand hul jaarlikse huisdinee gehou. Nadat mev. Sem die gaste welkom geheet het, het dr. Meiring Naude die heildronk op die huis ingestel. Daarna het mej. Betsie Kamfer die glasies laat klink op die galante here. As eregaste het opgetree mev. Cluver, mev. Holleman, en dr. en mev. Meiring Naude.

Na die dinee het almal die rolprentvertoning „Fanny by Gaslight" bygewoon, en nadat almal weer terug was in Harmonie is hul vergas op sangsolos van mej. A. Lombard en mnr. Willie Serfontein. Die organiseerster van die funksie en seremoniemeesteres van die aand was mej. Suzanne Barnard.

## Onder Onsies

Mnr. Andries Treurnicht van die Kweekskool, en voorsitter van die C.S.V.-tak alhier, is Maandagaand na die hospitaal vir 'n operasie.

* * *

*Die Matie* bring hiermee sy beste wense oor aan dr. P. A. Theron van die Departement van Sielkunde, wat Maandagaand sy geboortedag herdenk het.

* * *

Mej. Moritza Lazarus van Huis-ten-Bosch, het verlede Dinsdagaand haar mondigwording gevier in die vorm van 'n ligte Bouffet in die Uitspan. Sowat 24 vriende en vriendinne was teenwoordig en mnr. Johann Ungerer het die heildronk ingestel.

* * *

Mej. Lettie Nieuwoudt van Huis-de-Villiers wat die afgelope week baie ongesteld was, is weer op die been.

* * *

Mnr. Christie du Plessis van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek het Woensdag sy verjaardag saam met 'n klompie vriende aan huis gevier.

MATIES!
Netheid Tel Baie!
Ons Tik- en Afrolwerk
sal u help.
VERTAALBURO, Stellenbosch
Dorpstraat, Posbus 180.
(Foon 486)

**HALDENWANG**
●
HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER
●
Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT
en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.
●
(Foon 135)

**Suikerbossie Melksalon**
Se Bediening is Uitstekend,
Ontmoet Jul Vriende Hier
Om 'n Lekker Koppie Koffie.
Ons pas geopende
BILJARTKAMER
(5 tafels) is die mooiste en netjieste in die W.P.

**Foon 94**
**Santy se Bottelstoor**
*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.*

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

Vir **BLAKENDE GESONDHEID** drink **HEERLIKE KWV DRUIWESAP**
*Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

PELICAN-UITGAWE van
**MANAGERIAL REVOLUTION**
deur J. Burnham
1/2
Nou Verkrygbaar
**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**
PLEINSTRAAT — STELLENBOSCH

PROBEER
*ons VERKOUE- EN INFLUENSA-GENEESMIDDEL*
●
*2/6 per Bottel*
**JOERNING en SEUN (EIEND.) BPK.**
Foon 24
●
GESTIG 1850

**Rook Springbok-Sigarette**

# * SPORT *

## RUGBY

Niemand kan dit seker betwis dat Union verlede week baie gelukkig was om in die laaste vyf minute van die wedstryd die oorwinning oor die Matiespan te behaal nie. In elk geval behoort almal dit eens te wees dat 'n gelykopuitslag 'n baie beter weergawe van die verloop van die spel sou gewees het. Die vyftien Matie-manne het van begin tot end pragtig gespeel en vir geen oomblik verslap nie. Trouens, omtrent tien minute voor die end van die tweede helfte was daar seker menige ondersteuner van ons span wat gemeen het dat die Union-span nie 'n nederlaag sal kan vryspring nie. Die vertoning wat ons span gelewer het, was sonder twyfel die beste wat hulle nog vanjaar gelewer het, met uitsondering miskien van hulle oorwinning oor Tuine.

Hierdie vertoning van die Matiespan het by almal nuwe belangstelling laat ontstaan vir die wedstryd môre in die Paarl, waar ons span besoek gaan aflê. Wanneer hierdie twee spanne bots waai die hare altyd want hulle is reeds lankal geswore vyande. Die Paarlse span het verlede week onverwags teen U.K. 'n pak op die lyf geloop, en weereens bewys dat die Paarliete gladnie so onoorwinlik is nie. Hoewel hulle aangeval het so wat hulle kon nadat U.K. 'n strafdoel behaal het, kon Paarl nie die stewige verdediging oorhoops vang nie.

### DIE VOORSPELERS

Die Paarlse agttal is heel moontlik nog gedugter teenstanders as dié van Union, soos hulle ook bewys het toe die twee spanne gebots het. Vir die grootste gedeelte van die wedstryd het hulle die oorhand oor Hinrickson en sy manskappe gehad. Netsoos verlede week sal die Matie-voorspelers dus alles in die stryd moet gooi — en hulle het reeds verlede week voldoende bewys gelewer dat hulle weet hoe om dit te doen. As hulle net daarin kan slaag om darem so nou en dan hulle snellers 'n kans te gee, soos hulle seker op 'n droë dag sal kan doen, sal hulle teenstanders in hulle pasoppens moet wees.

In die tuisspan se guns tel natuurlik hulle groter gewig, maar selfs dit kan die Matiespan nie afskrik nie, soos Union ook verlede week ondervind het.

### DIE AGTERSPEL

Paarl het 'n goeie agterlyn met Wahl agter die skrum, Krige en Grundlingh die senters, en twee vleuels soos Slabber en Hugo. Hulle sal geen skiet gegee kan word nie en veral Krige met sy slim spel, is altyd daarop uit om sy teenstanders koud te lei. Aan die ander kant is die Matie-agterlyn ook agtermekaar en op die verdediging blink hulle almal uit, terwyl Peet van der Walt so gevaarlik is as ooit tevore. De Kock se spel van verlede week was van 'n gehalte vêr bo die gemiddelde en Krige se steekskoppies sal nie maklik vrug dra nie.

### DIE VOORUITSIGTE

Die Paarlse span sal môre ongetwyfeld alles uithaal om te wen om nie nog 'n nederlaag te ly nie. Selfs 'n gelykopspel sal hulle duur te staan kom, want dan sal Tuine 'n voorsprong bo hulle hê op die puntelys en laasgenoemde span speel tans asof hulle nie weer hierdie seisoen geklop gaan word nie. En Union is nog altyd kort op hulle hakke. Ongelukkig het Stellenbosch nie meer 'n kans om in die A-afdeling se ses spanne ingesluit te word nie, maar hulle sal nogtans nie laat slap lê nie en dit sal interessant wees om te sien of hulle die prestasie van die Ikey-span kan herhaal.

## MANS-HOKKIE

Verlede Saterdag het die eerste span na 'n harde wedstryd teen Nomads die stryd gewonne gegee met die telling 1—0 ten gunste van die besoekende span.

Vir die grootste deel van die wedstryd het die plaaslike span met 10 spelers aangeval, daar die een heelagter, J. Uys, kort voor rustyd 'n besering aan die oog opgedoen het, en van die veld moes gaan vir behandeling.

Die ou veteraan en middel-voorspeler, Herman Malan, het nou vir goed sy hokkieklere weggepak, weens drukke akademiese aktiwiteite. Sy plek sal in die toekoms deur Baix v. d. Vyver volgestaan word.

Saterdag sal daar weer 'n harde wedstryd teen V.O.B. plaaslik afgespeel word.

## * In Die Sport-kring *

Met trots kan Suid-Afrika roem op manne soos Weightman-Smith, Atkinson, Viljoen en Lavery — almal atlete wat in die verlede internasionale roem verwerf het deur hul vertonings op die Olimpiades of op die Rykspele in die hekkiesnommers.

* * *

W. Schröder (Duitsland) is die houer van die diskusgooi, alhoewel die neger Archi Harris by geleentheid van die „Big Ten" se byeenkoms in 1941 Schröder se afstand met 6½ duim oortref het. (Hierdie afstand is nog nie as rekord erken nie).

* * *

Webster, Engeland se beste paalspringer, en Sefton was albei maar agt jaar oud toe hulle begin het met hierdie nommer.

* * *

Die enigste uitblinker wat die baas-atletiekafrigter van Amerika, Dean Cromwell, tot dusver nog gehad het was Earl Audet. Hy het sy gewone gewigstoot-distansie van 50 voet met 3 vt. 7½ dm. oorskry!

Die rekord staan egter nog agter die naam van Jack Torrance, nl. op 57 vt. 1 dm. „Man-mountain" Torrance is egter van reusagtige liggaamsbou — weeg 300 pond, en is 6 vt. 5 dm. lank. Al Blazis van Universiteit Georgetown (V.S.A.) het in die loop van die afgelope twee jaar al verskeie male na aan hierdie rekord van Torrance gekom — hy word dus nie uitgesluit om Torrance se rekord moontlik te breek nie!


**Onthou!!**

# C.S.V.-BASAAR!!!

SATERDAG, 25 AUGUSTUS
9.30 v.m. en 7 n.m.
in die
C.S.V.-SAAL.

*Allerlei eetware* word te koop aangebied, o.a. koek, pannekoek, melktert ens.
*Allerlei kompetisies* word gereël vir sowel die môre as die aand.
*'n Prettige Fliek* word gedurende die aand vertoon.
*Verversings* word in die *Uitspan* bedien.

*KOM SEKER EN BRING U VRIENDE SAAM!!!!*


Vervolg van bls. 1, kol. 3.

optree! As ons vandag nie wil ondergaan nie, moet ons hierdie lewensbeskouing propageer en dit as 'n volk ook handhaaf en uitleef. So 'n gemeenskaplike lewensbeskouing is die innerlike krag van 'n volk, en 'n volk is wat sy lewensbeskouing is.

Spreker het daarop gewys dat ons moet waak op die verskillende volksterreine teen listige planne en aanvalle. Hy het genoem dat veral op Letterkundige gebied daar vandag veel van ons eie taal gebruik gemaak word om ons eie volk te ondermyn en skade te berokken. Ons moet ook waak op ons universiteite waar mense, vreemd aan ons volkseie, jong Afrikaners onderrig.

Ons volk moet waaragtige Volkstrou aankweek. Daar moet 'n gees van selfopoffering en liefde onder ons wees — vir mekaar en vir ons volk. Deur meer te let op ons volksverlede, sal ons ook 'n groter mate van volkstrots en volkstrou ontwikkel. Dit is hier waar die belangrikheid van ons Geskiedenis te ken nooit genoeg beklemtoon kan word nie.

Spreker het gesê dat ons te maklik kritiseer en seermaak en dat ons ook 'n sterk gevoel van volksmedelye moet kweek. Ons moet een wees in ons volkslewe en selfs wanneer 'n volksgenoot verkeerd handel, moet ons nie sommer gereed wees om verdere kwaad te doen nie. Ons moet selfs bereid wees om die lewe te laat vir 'n volksgenoot waar dit moet. Indien ons met so 'n gees besiel is, kan ons nooit ondergaan nie — maar sal ons lewe en oorwin.

T.o.v. van die stryd wat voorlê is daar geen kortpad nie. Ons moet die volkstryd van die toekoms sien in die lig van die stryd van die verlede. As ons ons Geskiedenis bestudeer sal ons sien wie ons vyande is wat beveg moet word. Ons moet ons vryheidsideaal koester en vertroetel meer as ooit tevore — ons moet dit propageer en daarna strewe om dit verwesenlik te sien. Ons moet mekaar nie vertrap oor die metode wat gevolg sal word nie — wat wel daarop aankom is die sterkmaak van ons ideaal. En hierdie ideaal moet ons aanhang met die gees van 'n bittereinder en „liewers onder die dooies as onder die hensoppers." Indien anders, sal slegs ons dooies vry wees, het spreker gesê.

Ten slotte het spreker gesê dat ons fanaties vir ons vryheidsideaal moet veg sonder om te let op die resultaat. Ons moet bereid wees om offers te bring — soos ons voorouers. Uit materialisties liberale oogpunt het hulle dikwels dwaas gehandel, maar dit was juis hierdie „dwase" handelinge wat vandag vir ons die krag — en ligpunte in ons volkstryd is. So moet ons ook weer handel — *dwaas* — sonder te let op die onmiddellike resultaat! In die geloof moet ons aandurf, offer en stry. Slegs as ons in dié gees die pad wat voorlê betree, sal ons oorwin en die ondergang van ons vyande sien, en sal die Vierkleur van Transvaal — die simbool van ons vryheid — weer oor ons hoofde wapper — het Ds. Vorster besluit.

## Nie Net By Ons Nie!

Ons S.V.R.-verkiesings veroorsaak nie alleen moeilikhede nie, maar ook ander universiteite. Ons het so pas 'n berig ontvang dat die Universiteit van Suid-Kalifornia dieselfde moeilikhede gehad het. 'n Sekere groep, genaamd die „Theta Nu Epsilon" is verwyt dat hulle agter die skerms organiseer om lede vir hulle bond of goedgesindes verkies te kry — hierdie groep sou dan, volgens hulle beleid, so 'n verkiesingsbasis kon loods weens die feit dat dit in die „gees van demokratiese metode" gedoen word. Die verkiesing is egter stopgesit deur hulle senaat tot tyd en wyl die probleem opgelos kan word — aldus 'n berig van hulle studentedagblad — „Daily Trojan."


# IS U AL LID VAN A.N.S.?

*SO PAS ONTVANG DIE VOLGENDE*

●

**VOETBALKOUSE — MANS-SAMBRELE — PARKER-VULPENNE — QUINK-INK — TANDEPASTAS**

in die volgende soorte

**T.C.P., Genoza, Ipana, Kolynos, Colgates, Phillip's Milk of Magnesia, Squibbs, MacLeans, Euthymol, Listerine.**

ook

**KYNOCH EN VIYELLA WOL SERPE**

●

# Gebrs. DE WET

**Foon 20** **STELLENBOSCH** **Bus 21**

# BRILLE

***As u 'n oogarts besoek het, bring dan u voorskrif vir u bril na ons.***

***PRYSE DIE BILLIKSTE EN WERK GEWAARBORG.***

*Die*

*Stellenbosch-Apteek*

***(N. C. Hough)***

**Andringastraat**

**STELLENBOSCH**